Scriptura 7 (1982) pp 1-19

VERSLAG OOR DIE AARD EN KWALITEIT VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL

P J du Plessis

1 *AANLEIDING EN OPDRAG*

1.1 Algemeen. Op die Bybelkundekongresse van die afgelope aantal jare is telkens *verontrusting* uitgespreek oor die aard en kwaliteit van godsdiensonderrig op skool. Hierdie groeiende besorgdheid word ook waargeneem by onderwysopleidingsinstansies (bv fakulteite van Opvoedkunde) en ouers. Daar is kennis geneem van 'n besef, hoe vaag en ongeartikuleerd ookal, dat alles nie so gesond is ten opsigte van Christelike onderwys nie.

1.2 Simptome. Dit het des te meer verontrustend geblyk in die lig daarvan dat godsdiensonderrig in alle skole wat staatsinstellings is, verpligtend is (Onderwyswet nr 53 van 1953, en Wet 39 van 1967: Christelike karakter van die onderwys). Tog word telkens na allerlei *simptome* verwys wat in die rigting van 'n siektetoestand dui; faktore bv soos dat daar weinig belangstelling aan skole (hoof, onderwysers) bestaan ten opsigte van godsdiensonderwys; dat nie alle beskikbare en voorgeskrewe tyd vir godsdiensonderrig vir die doel gebruik word nie; dat ander aktiwiteite in die godsdiensonderrig-periodes toegelaat word; dat godsdiensonderrig 'n onpersoonlike en ongewilde vak op skool is, ensomeer.

1.3 Verweer. Aan die ander kant is dergelike beoordeling en aanvoeling deur hoër onderwysinstansies (inspektoraat/Departement van Onderwys) as *negatief ervaar* en van die hand gewys.

1.4 Opdrag. Daarom het die Bybelkundekongres van 1981 aan die RAU, in samewerking van die PUCHO, opdrag gegee om die aangeleentheid te ondersoek en 'n verslag voor te lê by die volgende kongres. Hierdie verslag dien nou voor u. Die verslag van PUCHO sal afsonderlik voorgelê word.

2 *PROBLEMATIEK*

2.1 *Formulering.* *'n Ondersoek na die aard en kwaliteit van godsdiensonderrig as verpligte skoolvak in alle skole wat staatsinstellings is, en 'n ondersoek na die gepaardgaande probleem van die Christelike karakter van ons skoolwese.*

2.2 Die Christelike karakter van ons skoolwese kan uiteraard nie gemeet word aan die enkele periodes van godsdiensonderrig wat in die skooldag daarvoor ingeruim word nie. Nietemin is die kwaliteit van hierdie onderrig tog 'n medebepalende faktor in die vraag na Christelike skoolwese. As die formele struktuur siektesimptome sou toon, is dit 'n erstige vraag of die organiese wese (die lewenswandel, lewensbeskouing ens van 'n skool) nie ook aangetas is nie. Hoe sou dit ons Christelike volksaard raak? Dit alles en veel meer is deel van die problematiek.

2.3 *Beperking.* Vanweë die enorme omvang van die vraagstuk en die navorsing daarvan, is beperking 'n noodsaak. Die hoofaksent van hierdie navorsing is gelê op die akademiese onderwysaspek en vrae direk hieruit voortvloeiend.

3 *METODIEK*

3.1 *Navorsingsmetodiek.* Om 'n navorsingsmetode te vind, het 'n uiters moeilike aspek geblyk te wees. Waar moet 'n mens begin met insameling van konkrete gegewens? By skoolhoofde, onderwysers, die hoër onderwysinstansies? Hierdie weg het volkome onbegaanbaar geblyk: dié instansies voel die probleemstelling reeds as 'n bedekte klag en bedreiging. Van onderwysers en skoolkinders kan geen hulp verkry word nie, aangesien en terwyl hulle onder gesag van die skoolstruktuur staan.

3.2 Derhalwe is besluit om as *eksperimentele groep* te gebruik eerstejaarstudente wat aan die begin van die jaar verplig is om 'n verskeidenheid van diagnostiese toetse af te lê. Die ratio agter die besluit is dat eerstejaarstudente ideale proefpersone kan wees om hulle ervaring en belewing van godsdiensonderrig en aanverwante vrae te beantwoord. Die verwagting was om enige tendense wat so aan die lig mag tree, te identifiseer vir verdere navorsing.

3.3 Vraelysmetode. Om klaarblyklike redes is besluit om van 'n vraelys, wat rekenaarmatig opgestel is, te gebruik. In samewerking met die Buro vir Hoër Onderwys van die RAU het die Departement Bybelkunde 'n vraelys van agtien bladsye opgestel. (Sien p 9).

3.4 Toetspersone. Vanweë tydnood, én finansiële implikasies, was dit nie moontlik om meer as net die volgende instansies by die ondersoek te betrek nie: Die RAU, die PUCHO en die Goudstadse Onderwyskollege. 'n Totaal van 2120 eerstejaarstudente is op hierdie manier getoets.

3.5 Die toetsprogram. Die vraelys bestaan uit vyf hoofafdelings:

3.5.1 Biografiese besonderhede: vrae 1.1-1.14
3.5.2 Aard van godsdiensonderwys: vrae 2.1-2.16
3.5.3 Metodiek van godsdiensonderwys: vrae 2.17-2.26
3.5.4 Evaluering van aanbieders deur studente: vrae 3.1-3.16
3.5.5 Belewing deur studente: vrae 4.1-10.

3.6 Beperktheid van toetsprogram. Die toetsprogram is beperk omdat die studente hoofsaaklik uit Afrikaanssprekende huise kom (91% voertaal Afrikaans) en die Universiteite en Kollege waar die toetse afgeneem is, sterk konserwatief is. Dit is enersyds 'n beperking maar andersyds beteken dit dat die statistiek 'n *ideaalbeeld* weergee van die stand van godsdiensonderrig. Die statistiek moet in dié lig beoordeel word.

'n Tweede faktor is dat Afrikaanse studente (trouens eerstejaarstudente in die algemeen) huiwerig is om in 'n vraelys 'n negatiewe beeld te skep, veral waar dit 'n saak soos hul godsdiens raak. Die soms al te hoë statistiek moet in die lig van hierdie soms *onrealistiese* beeld gesien word.

'n Derde faktor is dat die *negatiewe statistiek* teen die agtergrond groter gewig dra as in 'n dwarssnit van 'n meer verteenwoordigende toetsgroep.

4 STATISTIESE RESULTATE

4.1 Biografies. Terwille van bondigheid word gegewens geselekteer en slegs die mees relevante statistiek in tabelvorm weergegee (sonder uitgebreide kommentaar).

Vraag 1.5	Skoolvakrigting	Geesteswetenskappe ..	17.3
		Nat.Wet.	43.2
		Handel	9.7
		Tegnies	1.9
	Studierigting (Univ)	Opvoedkunde	33.6
		Regte	9.6
		Ekon. en Bestuurswet.	20.9
		L. & W.	15.1
		Teologie	1.7
1.7	Kerkverband: Drie Susterkerke		84.0
1.8	Kerkbywoning: Gereeld/redelik gereeld ..		92.3
1.9	Motief vir kerkbywoning: Persoonlike oortuiging ..		81.7
1.12	Huisgodsdiens: Daagliks		33.5
1.13	Tafelgebed: Elke ete		68.4
1.14	Stiltetyd: Daagliks		85.7

4.2 *Kommentaar.* Die ideaalbeeld van die groep blyk duide= lik uit die gegewens: Homogene kerkver= band en hoë kerkbywoningsyfer. Dit is opmerklik dat die tand van die tyd huisgodsdiens na slegs *33%* afdruk. Hier= voor word met periodieke stiltetyd gekompenseer: 86%.

A NB: *Gevolgtrekking: Die godsdiensonderrig van die ouerhuis is in ernstige verval.*

4.3 Aard van Godsdiensonderwys op skool

Vraag 2.4 Deel van periodes vir godsdiensonderrig gebruik

	Volle periode	*helfte*	*min*	*geen*
Std 8/9	57.9	31.8	8.6	1.3
Std 10	57.9	27.4	11.1	3.2

Vraag 2.6: Is ander aktiwiteite gedurende godsdiensonderrig gedoen?

Ja:	44.3
Nee:	54.7

B NB: *Hier vind ons een van die belangrikste resultate wat gevind is: in die hoogsgeselekteerde groep gebruik slegs 57.9% skole die volle periode(s) vir godsdiens= onderrig. Dit korreleer goed met die volgende verontrus= tende resultaat: in 44.3% van die gevalle word ander aktiwi= teite in die godsdiensonderrigperiode bedryf.*

Vraag 2.7 Identifikasie van die ander aktiwiteite:

Sport	7.8

Die res, soos huiswerk, musiek ens. is 1% en minder. Dit is 'n insiggewende syfer:

C NB: *Die belangrikste aktiwiteit op skool buite die vier mure van die klaskamer is sport.*

Vraag 2.8 Het jy ander aktiwiteite bo godsdiensonderrig verkies?

Ja	8.5	)
Soms	40.0	) 48.5
Nee	34.4	)

D NB: *Slegs 34% verkies in die geheel nié ander aktiwi= teite bo die godsdiensonderrig nie.*

Vraag 2.4, 2.6, 2.8 vorm 'n eenheid: die besteding van beskikbare tyd. Die statistiek toon, soos hierbo gesien, 'n negatiewe beeld.

Vrae 1.10-2.12 het te doen met die verpligtingskarakter van die vak. Die antwoorde, beantwoord 'n deel van ons opdrag.

Vraag 2.10 Het *verpligting* jou negatief teenoor godsdiens= onderrig gestem?

Ja	7.9
Nee	90.7

2.11 *Moet godsdiensonderrig op skool verpligtind wees?*

Ja	79.9
Nee	18.8

2.12 *Verpligte eksamenvak?*

Ja	30.8
Nee	68.1

E NB: Die statistiek is insiggewend: *die verpligtende karakter van die vak speel blykbaar nie 'n noemens= waardige rol by leerlinge nie. Een derde (30%) is selfs bereid om dit as eksamenvak te aanvaar.*

4.4 Metodiek van Godsdiensonderwys. Hierdie statistiek moet in verband gelees word met vrae 2.17-2.19: die evaluering van pres= tasie:

Vraag 2.17 Is take, modelle, werkstukke gedoen?

Ja	41.6
Nee	56.8

Vraag 2.18 *Aard van kontrole*

Nagesien, puntetoekenning	26.2
Bespreek	14.6
Ander	4.8
Geen	9.7

2.19 Klastoetse afgeneem?

Ja	71.0
Nee	27.6

Die 71.0 van vraag 2.19 is verdag, in die lig van die vorige twee vrae.

F NB: Die tendens is egter duidelik: *daar word weinig van selfwerksaamheid gebruik gemaak (57%) en waar dit wel gebeur word dit nie na waarde geskat nie (slegs 26%)* - (vgl ook vrae 2.21-2.23 NB)

Vraag 2.9 *Visuele hulpmiddels*

Gereeld	17.2
Soms	39.5
Nooit	42.1

G NB: *Hier word 'n ernstige leemte geïdentifiseer: die aard van die aanbieding van godsdiensonderrig is so dat nie gebruik gemaak word van die oudiovisuele middels waaroor die onderwys in so 'n ruim mate beskik nie. Dit spreek boekdele: dorre, saai lesings wat afgestem is op feitemateriaal is die resultaat.*

Vraag 2.21-2.24 het betrekking op aktivering van skool= kinders:

2.21 Liefdadigheids- of eksterne projekte

Ja	6.9
H NB: Nee	91.4

2.22 Debatte oor godsdiensonderwerpe

Gereeld	24.3
Soms	39.5
Nooit	35.3

2.23 Getuienis oor geloofsoortuigings

Ja	44.3
Nee	54.6

4.5 Evaluering deur Studente

Vraag 3.7 Gesindheid van godsdiensonderrig-onderwyser teenoor vak.

	St 8	*St 9*	*St 10*
Belangstellend/geïnspireerd	70.4	71.2	79.2
Neutraal (gee nie om nie)	27.5	26.2	17.8
Negatief	.8	1.3	1.4

Vraag 3.10 *Is onderwyser oortuigde Christen?* (Slegs st 10)

Ja	83.9
Nee	14.0

Die beeld lyk meer positief, en die 14% wat nie as oortuigde Christen beskou word nie, korreleer met die 18.2 wie se gesindheid neutraal of negatief is. Nietemin verteen=woordig dit ± 350 studente van die 2 120. Die verspreiding volgens skole sou hier in berekening gebring moet word.

Vraag 3.13 Kan 'n nie-Christen die vak aanbied?

Ja	15.4
Nee	83.4

Die syfer spreek vir sigself.

Vraag 3.14-16 Gewildheid van godsdiensonderrig-onderwyser (st 10)

Baie	33.8
Redelik	44.9
Min	19.8

I NB: In die laer klasse is die statistiek ook laer. *So gesien, is die godsdiensonderwyser loshande die mins gewilde leerkrag in die skool!*

4.6 Belewing deur studente

Vraag 4.1 Belewing van godsdiensperiodes deur toetsstudent

(Baie positief	18.9
(Positief	59.7
(Effens negatief	18.1
(Negatief	2.3

Vraag 4.2 Hoe gewild was godsdiensonderrig onder skool=leerlinge?

Baie gewild	9.2	
Redelik	43.3	
Nie baie	40.3	46.5
Ongewild	6.2	

J NB: Die belewing van die toetspersoon self is hoog, maar die indruk van die student van die toestand in die algemeen is 'n negatiewe een: *46% van skoliere beskou godsdiensonderrig as ongewild.*

Vraag 4.3 Persoonlike betekenis van godsdiensonderrig

Baie	24.1
Redelik	38.6
Weinig	28.3
Niks	6.9

K NB: *Vir ruim 36% beteken die vak persoonlik weinig of niks.*

Vraag 4.5 Moet ander godsdienste ook gedoseer word?

L NB:

Ja	88.2
Nee	10.6

Die syfer is insiggewend!

Vraag Bybelkunde 'n skoolvak?

Ja	32.5
Nee	66.0

Vraag 4.10 Sal jy Bybelkunde as skoolvak neem?

Ja	41.9
Nee	52.3

M NB: *Bybelkunde is 'n vak wat hoër aangeslaan word as godsdiensonderrig en sou deur 'n baie groter aantal leerlinge geneem word as dit in 'n vakpakket beskikbaar was.*

Hoe Christelik is ons onderrig op skool en ons Christelike lewensbeskouing werklik?

A A N B E V E L I N G S

1 Aan die Onderwysdepartement (of die mees belanghebbende instansie) word die resultate van hierdie navorsing voorgelê met die versoek dat die aangeleentheid na 'n amptelike kommissie van ondersoek verwys word om grondig ten opsigte van die skoolwese in die algemeen die aard, kwaliteit en onderrigmetodes van godsdiensonderrig te ondersoek en aanbevelings te doen vir die remediëring van die sorgwekkende toestand.

2 Dit word aanbeveel dat Bybelonderrig en Bybelkunde I op Universiteit geïntegreer word met die oog op uitfasering van Bybelonderrig en die in-verpligting-stelling van Bybelkunde II vir alle onderwysers.

3 Dit word aanbeveel dat godsdiensonderrig op skool in so= verre moontlik slegs deur opgeleide Bybelkundeonderwysers aangebied word. (Voorlegging aan KOH).

4 Dit word ten sterkste aangedring by die Departement en KOH dat Bybelkunde in die vakpakkette as volwaardige keusevak vir Matrikulasievrystelling ingedeel word.

ADDENDUM:

VOORBEELD VAN VRAELYS GEBRUIK VIR ONDERSOEK NA DIE AARD VAN GODSDIENSONDERRIG OP SKOOL

Hierdie vraelys stel ondersoek in na die aard van godsdiens= onderrig op skool.

Sommige van die vrae toets menings of opinies - daar is dus geen korrekte of verkeerde antwoorde nie. Beantwoord hulle deur *jou persoonlike opinie* te gee, en nie wat jy dink jy *behoort* te antwoord nie. Jou antwoorde op vrae word *streng vertroulik* behandel, en daarom word jy gevra om na die beste van jou wete elke vraag *eerlik* te beantwoord.

Beantwoord asseblief *al* die vrae. Merk slegs een antwoord per vraag, behalwe waar jy gevra word om meer items aan te dui. Ignoreer alles in die "kantoorgebruik"-kolom.

Voorbeeld
Waar woon jy tans?

Veronderstel jy bly by jou ouers. Skryf die nommer wat voor daardie antwoord verskyn ('n een), in die blokkie wat vir die antwoord voorsien is, soos hieronder:

1 In jou ouerhuis
2 In 'n universiteitskoshuis
3 Loseer by mense aan huis
4 In jou eie woonstel
5 Elders Antwoord [1]

1 Biografiese vrae

1.1 In watter jaar het jy gematrikuleer?

1.2 Wat is jou geslag?

1 Manlik
2 Vroulik

1.3 Wat is jou huistaal?

1 Afrikaans
2 Engels
3 Afrikaans en Engels
4 'n Ander taal

1.4 In watter taal het jy onderrig in godsdiens op skool ontvang?

1 Afrikaans
2 Engels
3 Afrikaans en Engels
4 'n Ander taal

1.5 Was die vakke wat jy in matriek gehad het meesal

1 natuurwetenskaplike vakke (bv wiskunde, rekenaar=wetenskap, biologie, ens.)?
2 geesteswetenskaplike vakke (bv tale, geskiedenis, ens.)?
3 handelsvakke (bv ekonomie, boekhou, bedryfsekonomie, tik, ens.)?
4 tegniese vakke (bv tegniese tekene, elektrisiënwerk, houtwerk, ens.)?
5 kuns- en musiekvakke?
6 'n kombinasie van bogenoemde tipes vakke?

1.6 Wat is jou voorgenome studierigting op Universiteit/Kollege?

1 Opvoedkunde (BA-Ed, BSc-Ed, BCom-Ed, HOD, BPrim-Ed, DVO, BCur, ens.)
2 Regsgeleerdheid (BIuris, BProc, BA-Regte, BCom-Regte, ens.)
3 Ekonomiese en Bestuurswetenskappe (BCom, ens.)
4 Lettere en Wysbegeerte (BA,BBibl, ens.)
5 Teologie (BA-Admissie, BA-Propedeuties, BTh, ens.)
6 Ingenieurswese (BSc-Ing.)
7 Tegniese diploma
8 Kuns, musiek of drama

1.7 Wat is jou kerkverband?

01 Nederduits-Gereformeerde Kerk (NG)
02 Nederduits-Hervormde Kerk
03 Gereformeerde Kerk
04 Apostoliese Geloofsending
05 Lutherse Kerk
06 Metodiste Kerk
07 Rooms-Katolieke Kerk
08 Anglikaanse Kerk
09 'n Ander kerk
10 Ek behoort aan geen kerk nie

1.8 Hoe gereeld gaan jy kerk toe?

1 Gereeld
2 Redelik gereeld
3 Selde
4 Nooit

1.9 Wat beskou jy as die primêre rede waarom jy kerk toe gaan?

1 Uit persoonlike oortuiging
2 Ouers, vriende of familie verwag dit van my
3 Uit gewoonte
4 Ek word verplig (bv koshuisleerlinge)

1.10 Beskou jy jouself as 'n oortuigde Christen wat sy gods= diens in die daaglikse lewe uitleef?

1 Ja
2 Nee

1.11 Terwyl jy op skool was, het jy die meeste van die tyd -

1 in 'n koshuis ingewoon?
2 in jou ouerhuis ingewoon?
3 in 'n weeshuis/kinderhuis ingewoon?
4 by vriende/familie tuisgegaan?
5 elders tuisgegaan?

1.12 Hoe gereeld is daar by jou woonplek tyd ingeruim vir gesamentlike godsdiensbeoefening (huisgodsdiens)?

1 Daagliks
2 Een keer per week
3 Minder as een keer per week
4 Nooit

1.13 Hoe dikwels is 'n tafelgebed by jou woonplek gedoen?

1 By elke ete
2 Een keer per dag
3 Een keer per week
4 Selde
5 Nooit

1.14 Hoe dikwels ruim jy tyd in vir persoonlike godsdiens= beoefening (stiltetyd)?

1 Daagliks
2 Een keer per week
3 Minder as een keer per week
4 Nooit

2 *Die Aanbieding van Godsdiensonderrig op Skool*

2.1 In watter standerd tydens jou hoërskoolloopbaan is die meeste periodes per week aan godsdiensonderrig bestee?

1 Standerd 6 en 7
2 Standerd 8 en 9
3 Standerd 10

2.2 Hoeveel periodes per week is aan godsdiensonderrig bestee in Standerd 8 en 9?

1 Twee of meer
2 Een
3 Geen

2.3 Hoeveel periodes per week is aan godsdiensonderrig be= stee in Standerd 10?

1 Twee of meer
2 Een
3 Geen

2.4 Watter gedeelte van die beskikbare tyd is in Standerd 8 en 9 aan godsdiensonderrig bestee?

1 Die volle periode
2 Helfte van die periode
3 Baie min tyd
4 Geen tyd

2.5 Watter gedeelte van die beskikbare tyd is in Standerd 10 aan godsdiensonderrig bestee?

1 Die volle periode
2 Helfte van die periode
3 Baie min tyd
4 Geen tyd

2.6 Is ander aktiwiteite gedurende godsdiensonderrig be= oefen?

1 Ja
2 Nee

2.7 Indien wel, watter aktiwiteite? Merk al die aktiwiteite wat beoefen is.

01 Sport
02 Musiek (ook skoolkonsert, operette, ens.)
03 Biblioteekwerk
04 Kadette
05 Ontspanningsaktiwiteite (bv lees)
06 Wiskunde
07 Skeinat
08 Afrikaans
09 Engels
10 Enige huiswerk
11 Ander

2.8 Het jy die aktiwiteite hierbo bó godsdiensonderrig verkies?

1 Ja
2 Soms
3 Nee

2.9 Hoe dikwels is daar tydens godsdiensonderrigperiodes van visuele hulpmiddels gebruik gemaak (bv truprojek= tors, kaarte, skyfies, ens)?

1 Gereeld
2 Soms
3 Nooit

2.10 Het die feit dat jy verplig was om godsdiensonderrig op skool te neem, jou negatief ingestel teenoor die vak?

1 Ja
2 Nee

2.11 Dink jy dat godsdiensonderrig op skool 'n verpligte vak moet wees?

1 Ja
2 Nee

2.12 Dink jy dat godsdiensonderrig op skool 'n verpligte eksamenvak, wat 'n leerling se gemiddelde finale punt beïnvloed, moet wees?

1 Ja
2 Nee

2.13 Was die algemene doel met godsdiensonderrig in Standerd 8 vir jou duidelik?

1 Ja
2 Nee

2.14 Was die algemene doel met godsdiensonderrig in Standerd 9 vir jou duidelik?

1 Ja
2 Nee

2.15 Was die algemene doel met godsdiensonderrig in Standerd 10 vir jou duidelik?

1 Ja
2 Nee

2.16 Kan jy 'n verband sien tussen die werk wat jy in Standerd 8, 9 en 10 in godsdiensonderrig gedoen het?

1 Ja
2 Nee

2.17 Moes jy vir godsdiensonderrig take uitwerk (bv modelle bou, skriftelike werkstukke uitwerk)?

1 Ja
2 Nee

2.18 Indien wel, wat was die aard van die kontrole oor die take?

1 Nagesien en punte toegeken
2 Bespreek in klas
3 Ander maniere van kontrole
4 Geen kontrole

2.19 Is daar klastoetse afgeneem in die vak godsdiensonder= rig?

1 Ja
2 Nee

2.20 Het leerlinge hulle Bybels gebruik tydens godsdiens= onderrigperiodes?

1 Ja
2 Nee

2.21 Moes jy in skoolverband liefdadigheidsprojekte aanpak as praktiese oefening in godsdiensonderrig?

1 Ja
2 Nee

2.22 Hoe dikwels het jy deelgeneem aan debatte oor gods= dienstige onderwerpe wat tydens godsdiensonderrig= periodes gevoer is?

1 Gereeld
2 Soms
3 Nooit
4 Daar is nooit debatte gevoer nie

2.23 Is daar tydens godsdiensonderrigperiodes geleentheid geskep vir leerlinge om oor persoonlike geloofservarings te gesels?

1 Ja
2 Nee

2.24 Is elke skooldag met skriflesing en/of gebed begin?

1 Ja
2 Nee

2.25 Hoe dikwels het leerlinge die geleentheid gehad om saalbyeenkomste met skriflesing en/of gebed te open?

1 Gereeld
2 Soms
3 Nooit

2.26 Indien elke skooldag met skriflesing en/of gebed geopen is, het leerlinge die geleentheid gehad om in die klas die opening waar te neem?

1 Ja
2 Nee

3 *Die Aanbieders van Godsdiensonderrig*

3.1 Waar het jy gedurende die grootste gedeelte van Standerd 8 skoolgegaan?

1 Stad of stedelike skool
2 Dorpskool
3 Plaasskool

3.2 Waar het jy gedurende die grootste gedeelte van Standerd 9 skoolgegaan?

1 Stad of stedelike skool
2 Dorpskool
3 Plaasskool

3.3 Waar het jy gedurende die grootste gedeelte van Standerd 10 skoolgegaan?

1 Stad of stedelike skool
2 Dorpskool
3 Plaasskool

3.4 Deur wie is godsdiensonderrig in Standerd 8 aangebied?

1 'n Onderwyser
2 'n Onderwyseres
3 'n Onderwyser en 'n onderwyseres

3.5 Deur wie is godsdiensonderrig in Standerd 9 aangebied?

1 'n Onderwyser
2 'n Onderwyseres
3 'n Onderwyser en 'n onderwyseres

3.6 Deur wie is godsdiensonderrig in Standerd 10 aangebied?

1 'n Onderwyser
2 'n Onderwyseres
3 'n Onderwyser en 'n onderwyseres

3.7 Wat was die onderwyser(es) wat godsdiensonderrig in Standerd 8 aangebied het, se gesindheid teenoor die vak?

1 Belangstellend en inspirerend
2 Neutraal, het nie omgegee nie
3 Negatief

3.8 Wat was die onderwyser(es) wat godsdiensonderrig in Standerd 9 aangebied het, se gesindheid teenoor die vak?

1 Belangstellend en inspirerend
2 Neutraal, het nie omgegee nie
3 Negatief

3.9 Wat was die onderwyser(es) wat godsdiensonderrig in Standerd 10 aangebied het, se gesindheid teenoor die vak?

1 Belangstellend en inspirerend
2 Neutraal, het nie omgegee nie
3 Negatief

3.10 Was die onderwyser(es) wat in Standerd 8 godsdiensonder= tig aangebied het, volgens jou mening 'n oortuigde Christen?

1 Ja
2 Nee

3.11 Was die onderwyser(es) wat in Standerd 9 godsdiensonder= rig aangebied het, volgens jou mening 'n oortuigde Christen?

1 Ja
2 Nee

3.12 Was die onderwyser(es) wat in Standerd 10 godsdiens= onderrig aangebied het, volgens jou mening 'n oortuigde Christen?

1 Ja
2 Nee

3.13 Dink jy dat 'n onderwyser(es) wat nie 'n oortuigde Christen is nie, godsdiensonderrig op skool kan aanbied?

1 Ja
2 Nee

3.14 Hoe gewild was die onderwyser(es) wat in Standerd 8 godsdiensonderrig aangebied het onder die leerlinge?

1 Baie gewild
2 Redelik gewild
3 Ongewild

3.15 Hoe gewild was die onderwyser(es) wat in Standerd 9 godsdiensonderrig aangebied het onder die leerlinge?

1 Baie gewild
2 Redelik gewild
3 Ongewild

3.16 Hoe gewild was die onderwyser(es) wat in Standerd 10 godsdiensonderrig aangebied het onder die leerlinge?

1 Baie gewild
2 Redelik gewild
3 Ongewild

4 *Belewing van Godsdiensonderrig op Skool*

4.1 Hoe het jy die godsdiensonderrigperiodes ervaar?

1 Baie positief
2 Positief
3 Effens negatief
4 Baie negatief

4.2 Hoe gewild was godsdiensonderrigperiodes onder die leerlinge as periode waarin hulle godsdienstig onderrig is?

1 Baie gewild
2 Redelik gewild
3 Nie baie gewild nie
4 Ongewild

4.3 Wat het godsdiensonderrig op skool vir jou persoonlike geestelike lewe beteken?

1 Dit het baie beteken
2 Dit het redelik baie beteken
3 Dit het weinig beteken
4 Dit het niks beteken nie

4.4 In watter mate is jy deur godsdiensonderrig geïnspireer om meer van die Bybel te wete te kom?

1 Ek is baie geïnspireer
2 Ek is redelik geïnspireer
3 Ek is glad nie geïnspireer nie
4 Ek is ontmoedig om meer te wete te kom

4.5 Dink jy dat godsdiensonderrig meer op die daaglikse lewenspraktyk gerig behoort te wees as wat tans die geval is?

1 Ja
2 Nee

4.6 Behoort daar na jou mening ook ander godsdienste buiten die Christelike godsdiens (bv Boeddhisme ens.) tydens godsdiensonderrigperiodes bespreek te word sodat leer= linge daarvan te wete kan kom?

1 Ja
2 Nee

4.7 Was Bybelkunde (nie godsdiensonderrig nie) as volwaardige skoolvak by die vakpakkette/vakkeuse van jou skool/skole ingesluit?

1 Ja
2 Nee

4.8 Het jy Bybelkunde as volwaardige skoolvak geneem?

1 Ja
2 Nee

4.9 Is jou besluit om Bybelkunde as skoolvak te neem of nie te neem nie, beïnvloed deur die aanbieding van godsdiens= onderrrig by jou skool?

1 Ja
2 Nee

4.10 Sou jy Bybelkunde op skool wou neem as volwaardige vrystellingsvak indien dit in die vakpakkette/vakkeuse by jou skool/skole ingesluit sou word?

1 Ja
2 Nee